ISSN 0258-2279 LITERATOR 13 No. 1 April 1992

Marianne de Jong

Neo-Fascisme, norme, literatuur: Oor Pieter Stoffberg se Die hart van 'n hond [1]

Abstract

In this article it is argued that Pieter Stoffberg's collection of stories, Die hart van 'n hond, forces the reader to constitute racist frames in order to interpret. Furthermore the author proposes that Kristeva's formalisation of the 'negation of negation', developed in The Revolution of Poetic Language, can theorise the textual process in these stories as a transgression in which the taboo on political rightist conservatism in a 'New South Africa' is broken. To produce this transgression, the text places the reader in the position of the other, a position in which normative decision-taking is precluded. This itself could, however, constitute an ethical moment. On the basis of the Neo-Fascist aspects of Die hart van 'n hond, the article proposes a re-introduction of the ethical in literary discourse and critically comments on Afrikaans literary culture in this respect.

1. Inleiding

Fascisme maak goeie literatuur. Dit het Julia Kristeva met haar studie van Céline, *Pouvoirs de l'horreur*, aangevoer (Kristeva, 1982). Kristeva se positiewe oordeel oor Céline ontken nie die Fascisme en perversiteit in sy werk nie, maar berus juis op die erkenning daarvan. In hierdie artikel word aangevoer dat Pieter Stoffberg se kortverhaalbundel *Die hart van 'n hond* 'n normatiewe oordeel uitlok in so 'n mate dat die weiering van so 'n oordeel die verhale as 'literatuur' juis mislees. Om literatuur te skryf, kan 'n politiese of etiese daad wees. Die Afrikaanse literatuurkritiek het hiervoor hoogstens 'n simplistiese ideologiekritiese of 'n verouderde en selfbeskermende universalisties-humanistiese besprekingsraam.

Die hart van 'n hond is vir 'n problematisering van die etiese en die literêre besprekingsraam besonder interessant omdat dit 'n regskonserwatiewe waardestelsel met oënskynlike uitsluiting van die etiese betrek en vir dié doel ruimskoots gebruik maak van die 'outonome literatuur'-tradisie van die Afrikaanse literatuurbedryf. Dit lyk of hierdie literatuurkultuur hom besonder goed leen tot 'n bepaalde soort Neo-Fascisme - 'n Neo-Fascisme wat die produk is van 'n kultuur in die *interregnum*: nie meer blank-imperialisties nie, nog nie

[1] Die interpretasies in hierdie artikel berus in 'n groot mate op 'n gesprek wat met die skryfster Jeanne Goosen oor Stoffberg se bundel gevoer is.

postkolonialisties nie. Neo-Fascisme lyk nog te veel na die norm in 'n ander sin: dis normaal, bekend, selfs vertroud. Rassisme en volkspatriotisme was baie lank 'n Suid-Afrikaanse norm. Juis daarom kan iemand wat hierdie verhale Neo-Fascisties noem, by voorbaat verwag dat kritici dit 'n oordrewe stelling sal noem. Só vertroud is die norm dat verhale met 'n regskonserwatiewe etos blouogig net in terme van die 'estetiese' of die literêrtegniese beoordeel word. Universalisties-humanistiese leeswyses het nog nie die nuwe postkolonialistiese winde voel waai nie.

Soos uit die ontledings sal blyk, is dit met hierdie vertroudheid van 'n voorlopig bloot formeel afgeskafte norm dat die verhale speel.

2. Die teksproses in die verhale

Vyf verhale in Stoffberg se bundel is vir hierdie bespreking ter sake: "Die verhoor van Jabulani Josef Mabena", "Die dood van 'n ou man", "Eerste konsultasie" en "Hond se hart". Omdat die slotverhaal, "Die drifte van Jabbok", met sy oop spel tussen die Jabbok-motief en die man se stryd met sy hond as allegorie van die motiewe in die ander verhale gelees kan word, kan dit by hierdie groepering ingesluit word.

Die doel van hierdie afdeling is om met verwysing na interpretasiemoontlikhede die teksproses van hierdie verhale vas te stel. Terselfdertyd laat blyk dit my eie leeswyse, hoewel daar ander leeswyses mag wees. Die status van my eie leeswyse wil ek graag soos volg stel: dit gee nie voor om 'n finale interpretasie te wees nie omdat die gedagte van interpretasie as aanvulling en afronding van 'n fiktiewe diskoers en dus as 'finaal' of 'korrek' verwerp word. Interpretasie is myns insiens pluralisties nié omdat enige interpretasie moontlik is nie, maar omdat teksinterpretasie per definisie op die vlak van konnotasie en intertekstualiteit bly.

In "Die verhoor" sorg Jabulani dat hy die wraak neem waarop hy na sy mening geregtig is. Die 'wraak' verseker dat Jabulani vrykom. Die 'wraak' dien hom en nie sy suster nie wie se gestremdheid en verkragting hy vir sy eie doeleindes gebruik. Wat dan opval, is die slim manier waarop Jabulani die reg vir homself inspan om regspraak te ontduik. Die grootste gedeelte van die verhaal is 'n direkte afdruk van die verloop van die hofsaak in die vorm van regsdokumente wat die notules van die hofsaak kan wees. Die blanke regsprosedure lyk dom in vergelyking met die jong swart seun se slim manipulasie en dwing by die seun geen respek af nie. Die verhaal is so opgebou dat die leser eers aan die slot seker weet dat Jabulani die diefstal gepleeg het en wie sy medepligtige was. Die oopgelate moontlikheid is dat die wraak nie ter wille van sy suster was nie, maar bloot opportunisties aangewend is.

Die slot van "Die dood van 'n ou man" kan as die versoening van die seun met die vader en van die vader met die dood gelees word. Wat in die verhaal opmerklik nié verduidelik word nie, is die vraag wat die vader se skuld is en waarvoor die seun hom moet vergewe. Die Lila-teks sentreer om ergerlike skok oor die 'swart oorname' van die huis en die uitspeel van die ou gesagsrolle teen dié wat oorgeneem het, van wie die ou huisbediende Siena die verteenwoordiger is. Die swart oorname is die kern van die verhaal:

> Hy sit 'n hele ruk so, maar sy gebed bly woordeloos. Al wat sy gedagtes vul, is sy pa se uitgeteerde wit liggaam wat magteloos hang in Siena se versorgende swart hande. (Stoffberg, 1990:70)

en

> Dit voel vir hom of hy self saam met sy pa in die bed lê, magteloos onder die klam, swart hande. (ibid., 67)

Die versoening neem die vorm aan van 'n aanvaarding van die 'waarheid'. Laasgenoemde word nie verklaar nie, maar die verhaal laat die interpretasie toe dat dit hier om 'n aanvaarding van die 'waarheid' van die vader se andersheid is - die andersheid van die liberaal, die afvallige wat die ou orde en tradisie verwerp en die verval van sy plaas in die hand gewerk het. Met hierdie erkenning, wat ook 'n belydenis is, neem die predikant Peet egter ook sy vader se skuld op hom. Die ongelowige afvallige word gestraf met die vervreemding van sy seun en dié straf word opgehef wanneer die seun dit, mét die skuld, op homself neem. Die implisiete vraag is dan of die swart oorname die skuld en die straf is.

In "Eerste konsultasie" bewerkstellig die "lyne om sy (die swart man se; MdJ) mond wat nou vir hom duidelik op 'n sekere manier begin trek" (ibid., 76) - die 'oop' slot. Die swart man span, soos Jabulani, blanke regsprosedures in om sy eie skuld te verberg. Motshwa weet dat die prokureur vermoed dat hy lieg. Hy weet dat De Jager weet dat hy wat Motshwa is, hom gebruik om hom, die koelbloedige moordenaar, voor die hof te verdedig. Die 'lyne' kan as wreedheid of slinksheid geïnterpreteer word.

Die verhaal waarop die bundeltitel sinspeel, "Hond se hart", gaan nog verder. Die nood van die blanke kanovaarders wat noodgedwonge by swart mense moet hulp soek, word gekontrasteer met die feit dat die swart mans die hulpverlening gebruik om Boela af te pers sodat hy nie aan die polisie verklap dat een van die swart mans 'n masjiengeweer in die huis het nie. Die swart mense se hond wat "sonder geluid" uit die donker op Boela afstorm en reguit na sy keel spring, kan gelees word as simbool van die manier waarop die swart 'hulpverleners' Boela en en sy vriende aan die keel beet het. Die verhaal laat die motief vir die doodmaak van die blanke vrou se hond aan die slot van die verhaal oop. Dit kan geïnterpreteer word as die magtelose woede oor afpersing en kompromittering waar dit om iemand se lewe gaan. Is die swart mans honde? Het hulle hulle soos hulle eie hond gedra - verraderlik, sonder motief, dodelik in die donker?

"Die drifte van Jabbok" kan nie los van hierdie konteks van konnotasies gelees word nie. 'n Rassistiese interpretasie word verduister deur die feit dat die ou man kinds en paranoïes is, dat hy as ou man die Bybel en gebed soek sodat die dood as oproep tot heiligmaking gelees kan word net soos in "Die dood van 'n ou man", en deur die ooglopende moontlikheid dat die vyand, die 'vreemdeling', die dood is. Die hond is, soos in die ander verhale, 'n paranoïese fetisj, 'n simbool van dreigende gevaar, net soos die hond wat deur Boela doodgemaak word. Die sentrale 'oopgelate' vraag is: waarom word die Jakob-Jabbok-motief gebruik om die ou man se paranoia te tekstualiseer? In die lig daarvan is die hond wat deur die ou man gevrees én versorg word 'n bedrieglike vyand. Hy is ook die 'vreemdeling in jou poorte'.

2.1 Taboeverbreking in die verhale

Stoffberg se verhale werk met 'n objektivistiese kode: dít is soos sommige mense voel of reageer; dít is die inherente geweld van die Afrikaanse Suid-Afrikaanse werklikheid. Die

'oopgelate' slotte en weggelate data, wat sekere lesers as 'meerduidigheid' sou kon bestempel, hou reekse betekeniskonnotasies oop wat om rassistiese en regskonserwatiewe kodes vra. Die verhale weerhou bloot die bevestiging van hierdie interpretasiekodes. Die objektivistiese kode is 'n kode van onttrekking en dit verwys na wat Roland Barthes die kontrak tussen teks en leser genoem het (Barthes, 1970:212-213)[2]. Die verhale volstaan met die weergee van geselekteerde data wat van hulleself sê: 'maak jou eie afleidings'. Dit is 'n kode van nie-interpretasie wat self wel geïnterpreteer kan word, naamlik as weerhouding. Wat opmerklik is, is dat hierdie weerhouding ter sake is presies op daardie plekke waar regskonserwatiewe kodes interpretasie moontlik maak. Daarom kan die verhale as taboeverbreking beskryf word. Die taboe is 'n post-apartheid blanke etos se verbod op rassisme en op Afrikaner-tradisionalisme. Met behulp van 'n bepaalde teksproses produseer die verhale dan eintlik die taboe. Via die leser herinner hulle aan houdings en sienings wat liefs gesensureer moet bly.

3. Teoretiese agtergronde

In hierdie afdeling word die teoretiese paradigma en argumentasie uiteengesit. In die afdeling wat hierop volg, sal die teoretiese argumentasie en *Die hart van 'n hond* saamgelees word.

3.1 Die leser as deel van die teksproses

In sy ontleding van Balzac se novelle *Sarrasine*, demonstreer Roland Barthes dat die leesmatige (of *readerly*) teks homself probeer sluit met behulp van 'n bepaalde kode wat Barthes die simboliese noem.[3] In Balsac se verhaal sluit die simboliese die teks/leser-

---

[2] Met verwysing na die verteller-hoorder-situasie in *Sarrasine* skryf Barthes hier:

> "A man in love, taking advantage of the curiosity evidenced by his mistress (...) offers her a contract: the truth in exchange for a night of love (...) After having attempted to bargain her way out of it, the young woman agrees: the narrative begins (...)"

[3] Barthes interpreteer die kastrasiemotief in *Sarrasine* in terme van 'n 'simboliese' kode. Kastrasie is 'n subvertering van die vaste seksuele opposisies met hul gereëlde verhoudings soos vasgelê in die gewone seksuele simboliese orde. Die opheffing daarvan in *Sarrasine* word vir Barthes die kodering van die opheffing van vaste betekeniswaardes wat op sy beurt die verhouding tussen teks en leser beïnvloed. Vgl. onder andere Barthes, 1970:214-216.

Met verwysing na die *readerly* en *writerly* teks, skryf Barthes (1970:3-4):

> "Precisely what the first analysts of narrative were attempting: to see all the world's stories (...) within a single structure: we shall, they thought, extract from each tale its model (...) which we shall reapply (...): a task as exhausting (...) as it is ultimately undesirable, for the text thereby loses its difference. This difference is (...) a difference which does not stop and which is articulated upon the infinity of texts, of languages, of systems (...) Why is the writerly our value? Because the goal of literary work (...) is to make the reader no longer a consumer, but a producer of the text. Our literature is characterised by a pitiless divorce which the literary institution maintains between the producer of the text and its user, (...) between its author and its reader. This reader is thereby plunged into a kind of idleness; (...) instead of functioning himself, instead of gaining access to the magic of the signifier, to the pleasure of writing, he is left with no more than the poor freedom either to accept of reject the text. (...) We call any readerly text a classic text."

verhouding in, te wete as 'n kontrak tussen die verteller van die verhaal en sy hoorder. Barthes se kontrakbegrip kan uitgebrei word na die teks/leser-verhouding in die skryfmatige (of *writerly*) teks. *Skryfmatig* behels die noodsaaklike rol van die leser as medeprodusent van die teks. Soos die ontleding hierbo reeds aangedui het, word die leser in Stoffberg se verhale op spesifieke plekke deel van die tekstuele produksieproses.

Ek wil die tekstuele produksieproses van *Die hart van 'n hond* presieser beskryf met behulp van Kristeva se psigosemiotiese konsep 'die negasie van negasie' of ook die verwerping van verwerping. Kristeva sien die literêre teks as 'n psigiese produksieproses waarin 'n 'subjek' - maar 'n Freudiaanse gesplete, nie-humanistiese subjek - saamgeskryf is. Die bekende, deur Kristeva ingevoerde terme *fenoteks* en *genoteks* verwys juis na die spel tussen 'literatuur' en die psigiese, tussen kommunikasie en tekstuele nie-interpreteerbaarheid, tussen betekenis en die wesenlike afwesigheid van 'n finale betekenis.[4] Op die punt waar die leser gedwing word om te lees omdat hy, aldus Barthes, nie tekskodes kan uitruil vir afgeronde betekenisparadigmas en waarhede nie, spreek die genoteks of die psigiese as verset teen die vaste betekenisordes van die maatskappy. Barthes gee die leser 'n teoretiese plek in hierdie psigosemiotiese ontwerp met behulp van die Lacaniaanse psigoanalise. Teks en leser is aan mekaar verbonde deur 'n dialektiek van begeerte waarin nóg teks nóg leser 'n vaste identiteit het, waarin die teks as outonome geheel en die leser as geslote subjek verval het. Die een is die ander se objek, of *petit objet a*.[5] Die een word geformuleer deur die begeerte van die ander.

Hierdie psigosemiotiese leser vul Kristeva se semiotiek van 'dubbele artikulasie' en van die verwerping van verwerping insiggewend aan.

---

[4] "As 'n mens die genoteks in 'n teks wil aandui, dan moet 'n mens die uitwerking van die psigiese drange in die teks aandui, soos hulle waarneembaar is in die fonemiese apparaat (fonemopstapeling en -herhaling, rym, ens.) en in die melodiese apparaat (intonasie, ritme, ens.), maar ook in die strukturering van semantiese en kategoriale velde soos hulle aanwysbaar is in die sintaktiese en logiese gebiede of in die mimetiese ekonomie (die fantasmatiese, die uitstel van denotasie, vertelling, ens.) (...) Die genoteks is 'n proses wat in vervlugtende en nie-betekenisdraende strukture uitdrukking gee aan: (a) die dinamika van psigiese drange; (b) die liggaamlike en ekologiese samehang; (c) die maatskaplike organisme en sy familiestrukture (...); (d) basiese spraakvorme wat uiteindelik tot die verskillende genresoorte lei. (...) Die genoteks is die basis vir daardie taalvorme wat ons as fenoteks bestempel. Met laasgenoemde bedoel ons daardie taal wat in diens staan van kommunikasie en wat deur die linguistiek o.m. in terme van 'competence' en 'performance' beskryf word. (...) Die fenoteks gehoorsaam kommunikasiereëls en veronderstel 'n subjek en 'n ontvanger van die uitspraak." Vgl. Kristeva, 1978: 94 - 96. (My vertaling uit Duits - M.d.J.).

[5] Met verwysing na die terapeutiese gesprek en die psigoanalitikus sê Lacan hieroor onder meer: "(...) we teach that there are not only two subjects present in the analytic situation, but two subjects each provided with two objects, the ego and the other (*autre*), this other being indicated by a small o (*a*). (...) he should be thoroughly imbued with the radical difference beween the Other to which his speech must be addressed, and that second other who is the individual that he sees before him." (Vergelyk Lacan, 1977:139-140.) Ten opsigte van die verhouding tussen ego (of subjek) en objek, skryf Lacan onder meer: "This interest in the ego (...) brings to every relation this image, constantly represented by my fellow-man, a signification that interests me so much, that is to say, which places me in such a dependence on this image that it links all the objects of my desires more closely to the desire of the other than to the desire that they arouse in me." (Ibid., 137.)

3.2 Die skryfdaad as *jouissance*

Bostaande begrippe kan met verwysing na Kristeva se Céline-ontleding verduidelik word. Céline skryf nie die literêre nie, maar gebruik die literêre om wat normaalweg onderdruk, onbewus en taboe bly, uit te skryf en selfs te vier. Daarom is die literêre skryfproses 'n dubbele artikulasie en word die skryfdaad self dit wat Roland Barthes en Kristeva *jouissance* genoem het (Kristeva, 1982:138). By Céline word die taboe op die onbeskryflikheid van die dood verbreek deur die walglikheid van lyke en van verminking in oordaad te beskryf (Kristeva, 1982:1-4 en 136-139). Kristeva noem die Fascis Céline 'n perverteerder: die heilige angs vir die onnoembare, walglike, onkenbare of identiteitslose - dit wat taboe is - word verwerp sónder dat die skrywer self die slagoffer van die skrikwekkend ondenkbare of die *abject* word (ibid., 138).

3.3 Dubbele artikulasie

In Stoffberg se geval skep die weerhou van interpretasie die dubbele kodering en die dubbele artikulasie. Die fenoteks is die objektiewe verhaal; die genoteks volg 'n logika van die verwerping van die taboe op konserwatiewe rassehoudings in 'n 'nuwe Suid-Afrika'. Hierdie verwerping van die taboe word nie uitgespel nie, met ander woorde dit is nie waaroor die verhale as vertellings handel nie. Die verwerping van verwerping is aanwysbaar op daardie plekke waar konnotasies sonder uitsluitsel die plek inneem van 'n afgeronde, deursigtige en direk interpreteerbare verhaal. Dit is die plekke waar, aldus Kristeva, die genoteks deur die fenoteks breek en waar albei mekaar begin artikuleer. Soos hierbo aangetoon, is dit die punte waar motiverings en verklarings nodig is om die verhaal te kan lees en soos ook geblyk het, is dit motiverings en verklarings met 'n regskonserwatiewe inhoud.

Fascisme het die semiotiese vorm van die taboe wat juis nie as sodanig en dus nie as 'n beginsel, wêreldbeskouing of nuwe orde in die teks funksioneer nie. Fascisme as taboe is die skeidslyn tussen die ding wat verbode is en sy teken of masker. In sy bespreking van Jean-Jacques Rousseau beskryf Derrida bloedskande as iets wat eers ontstaan het toe daar 'n verbod op geplaas is (Derrida, 1974 :451-455). Om iets as taboe aan te bied, is om die taboe én die moontlikheid van oortreding te skep. Stoffberg se verhale het die effek van so 'n teken of masker wat die taboe deur middel van die leser produseer. Die fenoteks word die masker vir 'n genotekstuele proses waarin die leser as medeprodusent betrek word sodat die leser die rassistiese, paranoïese en ander regskonserwatiewe betekenisse produseer wat die teks nie uitspel nie.

3.4 Die skrywende subjek as opstandsposisie

Ek wil Kristeva se psigosemiotiese beskrywing van die verwerping van verwerping of ook van die negasie van negasie hier gebruik om Stoffberg se verhale as 'n oorwinning oor sosiaal onderdrukte inhoude te beskryf, as 'n triomf oor die gesensureerde. Die magsposisie van die skrywende subjek berus in die finale instansie daarop dat hy sosiale sensuur as sodanig verwerp. Die grondstruktuur van die 'verwerping van verwerping', of van

'bevestiging deur verwerping' soos Kristeva dit ook noem, is die Oedipale ontwikkelingsfase. Wat verwerp word, is daardie verwerping of onderdrukking wat met behoorlike aanpassing in die maatskaplike orde gepaardgaan, aldus Freud (Kristeva, 1978:165-166). Literatuur skryf kan 'n manier wees om in opstand te kom teen die orde van die teken wat van subjekte vra om te vergeet dat maatskaplike en ander ordes onderdrukking van begeerte behels. Die nuwe orde van hervorming wat nostalgie na eie grond en die eie verlede stilweg sensureer en wat blanke afwysing van die swart mens tot pragmatiese onaanvaarbaarheid verklaar, is hier die implisiete simboliese orde wat verwerp word. In terme van 'n psigosemiotiese sistematiek blyk hierdie negasie van negasie daaruit dat die betekenaar self die objek van die skryfproses is (ibid., 166). Die teks werk nie met 'n verhaal of 'n afgeronde gegewe as objek nie, maar met konnotasies wat ingespan, maar nie uitgespel word nie. Hierbo is aangevoer dat rassisme, regskonserwatisme en 'n latente Fascisme in Stoffberg se verhale presies hierdie vorm aanneem. Die kontemporêre blanke etos van die 'nuwe Suid-Afrika' is nie 'n supergesag waarop met aggressie of angs gereageer word nie. Sulke reaksies is reaksies van die onderdrukte wat die gesag teen wil en dank aanvaar en bloot heimlik daarteen in opstand kom. Dis 'n verwerping wat eintlik onderwerping is. In hierdie verhale word die taboe self verwerp deur dit 'n aspek van die tekstuele spel te maak (Kristeva, 1978:94-97).

3.5 Die skrywende subjek as magsposisie

Die leser is, om Barthes en Lacan se terminologie te gebruik, die 'ander' van hierdie verwerping en triomf wat die teks en die skryfdaad is. Die teks benodig die leser om 'n oorwinning oor 'n sosiale norm te kan wees. Nie alleen is die teks die objek of 'ander' van die leser en omgekeerd nie, maar in die begeerteverhouding is dit ook moontlik dat die balans só verskuif dat die teks 'n magsposisie teenoor die leser inneem. Die skrywende subjek is ook 'n subjek van die onderbewuste begeerte na mag en beheer. Dit is waarop die verwerping van repressie afstuur. In die Lacaniaanse psigoanalise is die plek van mag en beheer die plek van die Ander of die onderbewuste, dit wat essensieel buite die beheer van die subjek is omdat dit hom/haar voorafgaan en bepaal. Die subjek kan egter imaginêr hierdie posisie probeer inneem en die skryfproses kan 'n middel wees waardeur die subjek so 'n imaginêre magsposisie in terme van die teksproses kan inneem (Lacan, 1977:308-313). Dat die skrywende subjek in verhale soos dié van Stoffberg so 'n posisie inneem, blyk uit die manier waarop die teks die leser betrek en laat skryf ter wille van die instandhouding van die teks self. Dat dié magsposisie imaginêr is, blyk daaruit dat die teks op sy beurt van die skrywende leser afhanklik is. Die strategiese ooplaat van die teks skep hierdie magsposisie.

3.6 Norme

As dit inderdaad 'n geskikte beskrywing is van teksproduksie en die teks/leser-verhouding wat dit meebring, dan sluit hierdie verhouding oënskynlik alle etiese of normatiewe reaksies aan die kant van die leser uit. Die etiese besluit is 'n rasionele een waarin 'n subjek haar/homself vir die doel van die etiese besluitneming as outonoom moet beskou en moet gedra. Die psigosemiotiek berus op die Freudiaanse relativering van die rasionele in die naam van die irrasionele on- en onderbewuste. As 'ander' van die teksproses is die

leser ook in 'n posisie buite bereik van daardie rasionele, outonome subjekrol wat deel is van die struktuur van etiese oordeel. Die stelling wat hierdie artikel en ontleding wil maak, is dat dit presies die posisie is waarin *Die hart van 'n hond* die leser plaas om sodoende 'n politiese of sosiale effek te hê.

Om eties op te tree in sy verhouding met die teks, moet die leser 'n ander subjekposisie inneem: in terme van eietydse diskoersanalise kan dit as 'n ander diskursiewe posisie beskryf word.

Die gedagte wat hierdie artikel voorlopig ter oorweging wil stel, is dat die uitbreek uit die posisie van die 'ander' en die inneem van 'n nuwe subjekposisie ten opsigte van die teks op sigself 'n etiese besluit is. Dit het die struktuur van die etiese. Sonder om te lank oor die tradisionele etiek uit te wei, kan die struktuur van etiese besluitneming soos volg saamgevat word:

> Die etiese besluit berus op 'n beginsel. Hierdie beginsel word deur Kant saamgevat in die stelling dat etiese handeling in ooreenstemming moet wees met daardie soort beginsels waarvan 'n mens sou kon hoop dat hulle algemene wetmatighede moet word (Kant, 1974:51).
>
> Outonome subjektiwiteit is die strukturele skakel tussen die besluitnemer en die beginsel (Kant, ibid., 74-75). Saam met die eietydse diskoersontleding word hierdie subjektiwiteit nie as wese van die 'mens as subjek' gesien nie, maar as subjekrol of subjekposisie.[6]

Ek wil aanvoer dat die outonome, rasionele subjekposisie wel tersaaklik is in die leesproses en wel deur die teksproses ingespan word. Dialekties gestel, het die etiese deel van die teksproses die vorm van uitsluiting. Derrideaans gestel, het die etiese deel van die teksproses die vorm van uitstel.

Ten opsigte van Stoffberg se verhale kan dit verduidelik word met behulp van 'n bepaalde argumentasie uit die filosofie van die etiese self, naamlik die grondliggende verskil tussen feit en waarde. 'n Kernprobleem van die praktiese filosofie van norme en van die etiese is vervat in die klassieke stelling van Hume dat dit wat *behoort* te wees nie afgelei kan word van dit wat *is* nie. Die empiriese wêreld gee geen uitsluitsel oor die wêreld van reg/verkeerd en goed/sleg nie. Waardes of norme kan nie die logiese afleidings van feite wees nie. Eietydse filosofiese studies wys egter daarop dat die feitelike wél normatief word in die alledaagse omgang, in besluitneming en in toevallige uitsprake. Dit gebeur wanneer sprekers bepaalde onuitgesproke premisse of voorveronderstellings inspan. In 'n onlangse artikel gebruik Rescher (1990:297-320) die volgende bekende voorbeeld:

> *Feitesin*:
> Die ondervinding E is (werklik of waarskynlik) onaangenaam (vir die meeste mense);

[6] 'n Verhelderende uiteensetting en gebruik van die 'subjekposisie as diskursiewe posisie is Weedon (1984).

Normatiewe sin, aangebied as logiese afleiding van die feitesin:
Dit is dus verkeerd om mense aan ondervinding E bloot te stel.

Gestel die feitesin verwys na 'n bepaalde tandheelkundige prosedure. Die afleidingsin volg nie logies op die feitesin nie, behalwe as 'n bepaalde voorveronderstelling of premisse eksplisiet of implisiet die stap van die feitesin na die afleidingsin moontlik gemaak het.

Die premisse is:
Die ondervinding E lewer geen voordele op wat swaarder weeg as die onaangenaamheid van die ondervinding nie (Rescher, 1990:309-312).

Die filosofie van norme verwerp blote subjektiwiteit as geldigheidsaanspraak van normatiewe stellings. Blote smaak of voorkeur is feite en nie oordele nie (Rescher, op cit. :316). Norme kan nie deur voorkeur, smaak of toevallige belang logies gegrond word nie. As Kristeva se teorie konsekwent toegepas word, dan is die skrywende subjek se posisie ten opsigte van normatief gelaaide konnotasies wat die teks by die leser uitlok presies dit: die skrywende subjek staan in die plek van die norm en subjektiwiteit alleen is die basis van die geldigheid van enige normatiewe aspekte van die teks. Die verwerping van verwerping beteken dat 'n nuwe norm by implikasie op geldigheid aanspraak maak, en juis daardie norm wat normaalweg normatief ongeldig is - die subjek van begeerte en triomf oor heersende ordes self. Die logika van Kristeva se teorie is nie dat norme verwerp word nie, maar dat dit wat normaalweg as a-normatief beskou word homself tot geldige norm verklaar. Dit is ook die logika van taboeverbreking en van verswyging.

Die normatiewe rasionaliteit van literatuur kan na aanleiding van die onderhawige vyf verhale verder omskryf word. In Stoffberg se verhale is dit 'n rasionaliteit van die ongeldigheid van die tradisionele skeiding tussen feit en norm. Dit kan ook gestel word as 'n rasionaliteit van die onmiddellik normatief deursigtige. Via die teks kry die leser se betekenisproduksies die status van norme met instinktiewe geldigheid, van toetsvrye intersubjektiewe data.

Vir die psigosemiotiek lê die politiese funksionaliteit van literatuur in die oortreding van heersende betekenisordes. Hierdie oortreding blyk opmerklik in die vervanging van norme deur 'feite', oftewel van rasionele besluitneming deur psigologiese feitelikhede. Hoe dit gebeur, word in afdeling 5 hieronder nagegaan.

4. Ongelyktydigheid as definisie van Fascisme

In hierdie afdeling word Ernst Bloch se ontleding van die psigologie van Fascisme aangebied as definisie van Fascisme, veral omdat hierdie psigologie en sy regskonserwatiewe etos éérder as die uitspel van boodskappe in *Die hart van 'n hond* aangewys kan word.

Ernst Bloch het die ernstige vraag gevra hoe dit moontlik was dat die Duitse werkersklas van die Hitler-era die Fascisme kon aanvaar terwyl Sosialisme voorhande was as oplossing van die werkersarmoede van daardie tyd. Bloch het sy antwoord saamgevat in die teorie van ongelyktydigheid. 'Ongelyktydig' is daardie soort denke en handeling, daardie opinies

en sentimente, daardie bewussyn wat teenstrydig is met die ekonomiese, kulturele en maatskaplike strukture van hul eie tyd (vgl. Münster, 1983:243-244).

Bloch het as Marxis gepraat. Die teenstrydighede en legitimasiegapings van die kapitalistiese stand van sake word nie gekonfronteer en as sodanig herken nie. Inteendeel, 'n soort regressie na pre-industriële en pre-kapitalistiese denkwyses vind plaas - denkwyses waarvan die materiële bestaansvoorwaardes lankal verdwyn het en wat in stryd is met aktuele produksievoorwaardes. Kenmerkend van hierdie denkwyses is 'n oënskynlik paradoksale oorvleueling van 'n konserwatiewe gerigtheid op die verlede en 'n utopiese toekomsgerigtheid. Bloch het dit in sy eie konteks as die tipiese denke van die kleinburger en die landelike boerebevolking geëien. Dit is 'n denke van heimwee, van onderdrukte begeertes en fantasieë wat eers sigbaar word en duidelike gestalte kry in krisistye.

Bloch omskryf krisistye as tye van radikale vernuwing, van ekonomiese onsekerheid en stormagtige omwenteling, tye waarin ou klasseverhoudings of groepsverdelings van 'n vertroude sosiale wêreld eensklaps verval. Die oorheersende klas word gekonfronteer met die onverwagte feit dat nie net sy magsposisie nie, maar ook sy selfbehoud as groep ernstig in gevaar is. In sulke tye ontstaan 'n bewussyn wat in 'n ander tyd as die aktuele tyd veranker is en wat daarom 'ongelyktydig' is. Om te herhaal: die ongelyktydigheid het die struktuur van 'n verlede sonder werklikheid, maar ook van 'n toekoms sonder werklikheid, dit wil sê van 'n utopistiese instelling (Münster, 1983:240-250).

In psigoanalitiese terme gaan dit om 'n patologiese verskynsel van onttrekking aan 'n werklikheid waarvoor daar nog geen interpretasieskemas, geen psigologiese verwerkingsmeganismes is nie. Die intellektuele aanpassingsformules wat beskikbaar is, is onaanvaarbaar. Die simboliese orde met sy betekenisvoorraad en interpretasieskemas wat dit vir individue moontlik maak om doeltreffend in sosiale werklikhede in te pas, begin kwyn. Fascisme behels dan - om Bloch se siening verder psigoanalities uit te bou - die soektog na 'n ander posisie van imaginêre beheer en mag, een wat sekerheid en selfbehoud, 'n nuwe simboliese orde en subjekidentiteit belowe. Ongelyktydigheid beskryf dan die omstandighede waarin Fascisme as imaginêre magsposisie kan ontwikkel.

Dit is hierdie psigologie van ongelyktydigheid met sy etos van patriargale en nostalgiespatriotiese waardes asook sy patologie van latente aggressie wat in *Die hart van 'n hond* na vore kom. 'n Kode van ongelyktydigheid verskaf motiverings en verklarings. Die Suid-Afrika van wetlik afgeskafte apartheid word in Stoffberg se verhaal as sosiale onderdrukking ervaar wat nostalgie en paranoia uitlok. Dit is presies hierdie onderdrukking wat die verhale as teksproses verwerp. Stoffberg se skryfwyse is opvallend nié nostalgies of paranoïes nie.

5. Die kode van ongelyktydigheid

In hierdie afdeling word gepoog om vas te stel hoe 'n kode van ongelyktydigheid die verhale op genotekstuele vlak bepaal. Dit is die kode waarin 'n 'nuwe Suid-Afrika' as onderdrukking en as oppervlakkige pragmatiek sou kon verskyn en waarin die onvermoë tot aanpassing in 'n hede van omwenteling blyk.

Die verhale in *Die hart van 'n hond* word gekenmerk deur die Oedipalistiese kodes waarmee die verhoudings vader/seun, man/God en man/vrou getekstualiseer word. Hierdie kodes produseer 'n simboliese orde of 'n gesagstelsel van patriargale, manlike waardes waarin die 'ander' die objek is van aggressie, paranoia en vervreemding. Hier heers die Wet van die Vader (Lacan, ibid.:61-68). In Stoffberg se verhale is dit egter die wet van 'n gestorwe of byna gestorwe, magtelose vader, 'n afwesige en daarom skrikwekkende God, 'n verlies van die land en van die waardes van die voorvaders, van eie grond en eie wêreld en van sekerheid. Die verhale sentreer om die verlore voorvaders van 'n Afrikaanse kultuur, om vervalle plase en sterwende patriarge. Die aanvaarding van 'n hoër gesag (God) hang saam met die verval van 'n bepaalde sosiale gesag. Jabulani, Motshwa en Siena en haar mense as die 'ander' kodeer 'n eietydse Afrikaner-logika van onteiening, vervreemding, paranoia en latente aggressie wat deur 'n kode van 'ongelyktydigheid' interpreteerbaar word. Die swart mens as ander word telkens gekodeer in terme van 'n paranoïese reaksie of van die verval van 'n orde.

5.1 Die vader-seunkode

In "Die dood van 'n ou man" kom Peet eers tot berusting as hy aanvaar dat die skuld van die vaders op die kinders kan rus en dat die familie 'vervloek' is. Eers as hy die Wet van Vader aanvaar, kan hy weer die rol van die seun speel: 'n seun wat hom met sy vader versoen en met die werklikheid, die onveranderlike stand van sake. Wat hy aanvaar, is God as Vader - die absolute gesagsfiguur en die stem van die Ander, volgens Lacan. Die Bybel- en gebedsmotiewe in hierdie verhale, soos byvoorbeeld ook in "Die drifte van Jabbok", is hieroor eksplisiet. Ook laasgenoemde verhaal se hoofliguur stry met God en probeer hom aan die gesag van God en dus van die Vader te onderwerp. In dié opsig is hy die seun. Die subjekte is projeksies van die logika van die Ander of die Hoër Wet: kastrasie, onderworpenheid en angs; die aanvaarding van 'n hoër gebod en orde as die 'aardse', van 'n hoër plig of opdrag. Laasgenoemde is egter tipies Calvinisties dubbelsinnig. Dit is nie 'n wet van liefde wat Peet opdrag gee om nie deel te neem aan Lila en sy broer se baasskapvertoon teenoor die swartes in die 'vrykamer' nie. So 'n wet van liefde bepaal eerder die liberalistiese, afvallige orde van die sterwende vader. Die tipies Oedipalistiese wet postuleer 'n gesag wat 'n hoër gesag as die menslike is.

'n Logiese orde verbind die aardse seun in sy opgelegde gesagsaanvaarding met sy aardse vader, en die aardse vader (en sy seun) met God die Vader. Dit is die logika van die patriargaat. Veral in "Jabbok" is die geweer- en jagmotief opvallend. Dit verbind die Oedipalisme van Godsaanvaarding met 'n tipiese boereverlede net soos die afvalligheid van die vader in "Die dood van 'n ou man" die afvallige dialekties, dit wil sê omgekeerd, verbind met die verlede waaraan hy ontrou geword het. Op semiotiese vlak skuif die kodes *God*, *Vader en seun*, die *Oedipale*, die *gesin*, die *land*, die *plaas* en die *verlede* oormekaar en konstitueer hulle mekaar. Die verval van die patriarge is ook die verval van gesag, dit wil sê van 'n hoër orde, maar hierdie orde se simbole is die eie verlede, die eie grond, die eie tradisie en die eie moraliteit.

5.2 Paranoia en aggressie

Dat die hond 'n paranoïese figuur is, blyk duidelik in "Hond se hart" en "Die drifte van Jabbok". Die paranoïese posisie in psigotiese toestande skep deelobjekte (Laplance & Pontalis, 1972:368-370) wat simbolies word vir bevrediging en vir die angs om die onttrekking van bevrediging, vir gerusgesteldheid en vir die angs dat die gerusstelling sal versaak. Paranoia in hierdie sin gaan hand aan hand met 'n verval van daardie kodes wat sosiale orde en beheer moontlik maak, dus ook met die verval van 'n heersende rasse- en eiendomsorde, 'n magsorde of 'n kulturele hiërargie. Paranoia skep simboliese magsobjekte soos die oerstaat, die Vader, verheerlikte helde en leiers, gewere, ensovoorts (Deleuze & Guattari, 1974:335-6), net soos dit sy eie vervolgingsobjekte (honde, swart moordenaars) skep.

In hierdie verhale is die verband tussen Oedipalistiese gesagsbehoeftes en paranoia opmerklik.

In "Die drifte van Jabbok" hang die skepping van 'n paranoïese vervolger, die hond, saam met die soektog na God en die Bybelse waarheid en met die vrees vir daardie uitrafeling van betekeniswaardes wat die dood meebring. In "Hond se hart" bly die paranoia latent. Dit word in aggressie uitgedruk - 'n reaksie wat Melanie Klein as tipies van die paranoïese posisie gedefinieer het (Laplance & Pontalis, ibid.). Hoe nóú paranoia en aggressie saamhang, blyk ook in "Jabbok". Die patriargale oerstaat verskyn egter by die ou man net as herinnering, as onherhaalbare verlede en as hallusinasie. Die vervalkode in "Die dood van 'n ou man" impliseer dieselfde. Die wet van die aardse vader verval en dit lei tot onsekerheid. In die sterk patriargverhale "Die dood van 'n ou man" en "Jabbok" spel verlede telkens 'verlies' uit.

5.3 Die 'ander'

Dit is deel van die logika van die 'ander' dat die ander mens as vreemdeling, vyand, as bedreigend of as onbekend getekstualiseer word. In "Jabulani" en "Eerste konsultasie" is dit die minagting vir regsprosedures en vir die gepaardgaande waardes van ordelike geregtigheid wat die 'ander' tekstualiseer. In "Eerste konsultasie" is hierdie andersheid sterk verbind met sinnelose wraaksug en selfs 'n verskuilde barbarisme: Johannes Motshwa het sy vrou met een enkele skoon steek van 'n skroewedraaier vermoor, sonder om bevestiging te hê vir sy vermoedens van owerspel (wat binne 'n blanke etos nie owerspel is nie omdat hulle nie getroud was nie). In "Hond se hart" word die hulpsoekers ontvreemdend as "witman" aangespreek. Hulp as etiese waarde verval, in so 'n mate dat Boela in 'n oomblik van paranoïese en aggressiewe sinsverwarring die wit vrou se hond doodmaak nog voor dit duidelik is dat die hond sal aanval.

Die konstituering van die 'ander' berus op 'n sekere psigologiese dialektiek: die waarnemer konstitueer die waargenomene as iets wat hom waarneem. Terwyl hy probeer om 'n objektiewe identiteit aan die ander persoon te gee, is hy besig om sy eie onsekerheid oor hierdie identiteit op die persoon te projekteer. In die postkolonialistiese teorie is hierdie proses onder meer deur Homi Bhabha ontleed. Die kolonialistiese waarnemer skep vir die koloniale mens 'n identiteit wat sy eie imperiale kolonialistiese mag bevestig: hy is

lui/dom/primitief/nie tot antwoord in staat nie, ensovoorts (Bhabha, 1986:167-172). Onbewustelik weet die waarnemer dat hy reduksionisties waarneem en dit skep 'n onsekerheid wat sy strewe na imperiale mag versterk. In Stoffberg se verhale vind 'n ander proses plaas: die 'ander' het die mag en die waarnemer word 'n subjek van angs en onsekerheid. Die morele blaam lê nie by 'n kolonialistiese reduksie nie, maar by die reduksionistiese blik van die swart mens as ander. Dit is nie ek wat die ander reduseer nie en dit is nie die blanke wat die swart mens aan objektiwistiese reduksie onderwerp nie. Dis die swart mens wat geen insig toon vir blankes en hul waardes nie. Ook op hierdie manier subverteer die teks die hervormingsetos van gelykheid in 'n nuwe Suid-Afrika:

Die gebruik van swart Afrikaans in Stofberg se bundel is hiervoor 'n goeie voorbeeld. Die idioom is bekend en vertroud:

> Nou, baas, agterna toe begin daai Kleurlinge saam met Michael te raas. Toe hulle dit doen, toe vra ek vir hulle: "Wat is julle mocilikheid, maak julle raas met hierdie man?"

of ook:

> "Toe vat ek daai Michael weg kompanie toe."
> "Is dit nou 'n compound?"
> "Ja, van die construction." (74)

Die reaksie van die wit prokureur De Jager is ook dié van tipiese wit ongeduld met 'n langdradige verteltrant. Die skok van die slot - nie net Johannes se koelbloedige en barbaarse moord nie, maar veral sy opset om die prokureur te gebruik om vír hom te lieg - betrek die kontras tussen 'n 'vertroude' swart plattelandse Afrikaans en die ondenkbaar onvertroude. Die self wat in die vertroude idioom homself herken, word skielik spieël vir 'n 'ander' wat primitief of barbaars voorkom. Die effek is nog duideliker in "Die dood van 'n ou man" waar Peet en Lila in die tradisionele, deur blanke paternalisme gekleurde swart plaastaal aangespreek word - die idioom wat 'getroue swartvolk', 'ou hande', 'goeie skepsels' en dies meer konnoteer en wat nog daardeur versterk word dat Peet in 'n inheemse swart taal teruggroet:

> "Môre, klêbaas."
> "Môre, Simon. Usaphila?"
>
> "Ndiyaphila, klêbaas. " (...)
> "Die klêbaas hy gaan nie in nie?" (65)

en later:

> "Die dogter hy was gister hier, klêbaas."
> "Ja?"
> "Die ouwaas hy gaan doodgaan, klêbaas."

Dit konstrasteer skerp met Lila se uitbarsting:

> "Alles is weg!" kondig Lila driftig aan toe sy terugkom. "Al jou ma se silwergoed! Alles! Die duiwelskinders het alles gesteel." (68)

Die hele huis het 'n 'vrykamer' geword waar mense na hartelus bier drink terwyl die ou man sterf en die besoekers vir die laaste afskeid in die huis is.

Die swart Afrikaans suggereer dat die ou tradisionele en vertroude wêreld nog bestaan en dat niks verander het nie. Die swart man se taal is die taal van die wit man, in nagebootste vorm. Daarom bevestig dit oënskynlik 'n vertroude hiërargie. Dat dié magsverhoudings en die kultuur waarop dit berus, besig is om te verbrokkel, bly versteek agter die 'klêbaas'-idiolek. Verraderlikheid, bedrog is ook die kodes van Bybelse woorde "Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu ..." in "Jabbok" (105). Dat die swart man Afrikaans praat in nagebootste vorm (soos die 'afwykings' aandui), impliseer enersyds 'n onoorbrugbare verskil tussen wit en swart, maar ook 'n vertroude hiërargie van wit oor swart wat op hierdie verskil berus. Wat as vertroudheid, as die goeie ou verlede toe Siena nog tee stoep toe aangedra het, getekstualiseer word, is in wese die 'self' se voorheen aanvaarbare manier om die ander tot die bekende paternalistiese beeld te reduseer. Dat dit nie meer moontlik is nie, word hier gekonnoteer met verlies en nie met 'n herstel van gelykheid en menswaardigheid nie.

5.4 Die aktivering van die normatiewe

Die genoteks is reeds beskryf as taboeverbreking. Struktureel is latente rassisme, rasse-aggressie en rasse-vervreemding die *abject object* van hierdie verhale van Stoffberg (Kristeva, 1982:1-2) - dit wat in 'n wankelrige nuwe orde angs opwek en apokalips voorspel. Die leser skryf saam aan die *abject object*. In hierdie dubbele, versteekte artikulasie weet die leser heimlik wie die hond is, en wat die lyne om Motshwa se mond beteken, waarom daar soveel aandag aan die verhoordetail gegee word in "Jabulani" en wat die opmerking oor die bierdrinkende vriend van Siena beteken. Die leser weet waarom 'n bepaalde soort swart Plaasafrikaans gebruik word. Rassistiese kodes word by die leser wakker gemaak. Ons, die lesers, weet wat Boela se eintlike motief is. Ons weet dat Jabulani ook as slinks en witmanveragtend gelees kan word. Net so 'weet' ons dat die 'swartes oorneem' en 'weet' ons dat ons skroewedraaiermoorde meestal met die swart wêreld assosieer. 'n Instinktiewe wete wat interpretasies moontlik maak is dit wat die leser as medeprodusent van die teks skryf, ten minste as hy 'n getoë Afrikaanse Suid-Afrikaner is. As hy dit nie is nie, is dit moontlik dat die verhale duister bly of heeltemal anders geïnterpreteer word.

Nog steeds binne die rol van die ander konstitueer die leser selfs normatiewe premisse. Jabulani se suster is vertraag; niemand sal haar van medepligtigheid verdink nie; Jabulani het haar vir die diefstal gebruik; die aanwys van 'n medepligtige sal sy eie skuldlas verminder, ensovoorts. Die premisse is: om voor te gee dat jy wraak neem vir iemand anders terwyl jy eintlik opportunisties is, is moreel bevraagtekenbaar. Jabulani se optrede kan negatief beoordeel word en die negatiewe oordeel staan in die konteks van wit regsprosedure. Die leser lei af dat die swart mans vir Boela in "Hond se hart" 'soos honde' is. Die normatiewe premisse vir die maak van hierdie konnotasie is: om mense in uiterste nood ondergeskik te stel aan jou eie selfbeveiliging as terroris is moreel verwerplik. Om dit te konstitueer, moet die leser vir die moment die ongeldigheid van die terroristesaak veronderstel. Ek as leser hoef egter nie met Boela se norme te identifiseer om die verhaal as motivering van Boela se reaksie en verset te lees nie. Ek konstitueer nogtans Boela se norme en stel my eie normatiewe oordeel instinktief uit.

Die psigoanalise van ongelyktydigheid word deur die leser geskryf sonder om hom tot normatiewe besluitneming te dwing. Die leser bly in die posisie van die 'ander'. Die

normatiewe stappe wat hierbo beskryf is, help net om die leser sekere tipiese rassehoudings te laat onthou soos dié wat Boela en De Jager verklaar en wat "Jabulani" as minagting van blanke regsetiek leesbaar maak.

6. Die etiese en die literêre

In Stoffberg se verhale word 'n wêreld van verlies 'n wêreld van triomf. Die teks propageer 'n waardestelsel (of dit nou rasioneel geldig is of nie) juis deur dit nie te propageer nie. Sou die leser by wyse van 'n finale interpretasie wel 'n etiese oordeel in terme van sy eie oortuigings wou uitspreek, dan weerhou die teks die bevestiging daarvan en die leser val terug op sy eie rol as skrywer.

Die leser word gekompromitteer deur 'n teks wat eintlik skyn te sê: moet jou nie so verlig en 'nuut Suid-Afrikaans' voel nie. Jy is self net so rassisties/nostalgies/beangs/ vervreem/ aggressief.

Juis hieruit kan egter 'n etiese moment ontstaan. Die moment kan die volgende struktuur hê: die leser besef dat hy besig is om self rassisties en tipies regskonserwatief te dink. 'n Linksgesinde leser sal dit gouer besef as 'n pas-hervormde leser vir wie regskonserwatiewe denke nog 'n spieël kan wees van wat hy self onderdruk. Lesers besef dan dat die lees-as-skryf-rol wel die normatiewe ingesluit het. Die etiese moment kan dan saamgevat word met die volgende vraag: is die insluit van die normatiewe op so 'n wyse dat 'n normatiewe oordeel of besluit uitgesluit word, nie self 'n saak wat 'n etiese oordeel vereis nie?

So 'n moment behels egter dat die leser uit die rol van die tekstuele 'ander' breek en 'n ander subjekposisie inneem. As die teks my 'verlei' om regskonserwatief te word in terme wat nie noodwendig die terme van my waardestelsel is nie, dan kan die teks nie van my verwag om hom net as moment van *jouissance*, as literêre item of op enige ander manier as 'onskuldig' te beskou nie. Ek is verplig tot 'n etiese oordeel oor die teks juis omdat die teks net as teks leesbaar is solank ek my etiese oordeel op die lange baan skuif. Om a-normatief te wees is op sigself ook 'n stap met normatiewe implikasies. Dit is wat blyk uit die leesproses soos hierbo uiteengesit.

Wanneer die 'etiese moment' intree, gryp die leser eintlik terug op 'n diskoers wat by voorbaat sy leeswyse beïnvloed, naamlik daardie konvensionele diskoers waarvolgens die etiese en die estetiese om (etiese) beginselredes geskei word. Dit beteken dat tekste nie, soos etiese besluite, aan waardestelsels onderwerp word met die doel om die waarde van die teks te bepaal nie omdat dit die skrywer se reg op vryheid in die gedrang bring. Dit is egter die teenoorgestelde van die gewilde siening dat literatuur 'outonoom' is en veral 'literêr' beoordeel moet word.[7] Inteendeel, wanneer die skrywer 'vry' is, is hy juis vry om enige iets met waardestelsels te doen. Daarom is normatiewe reaksies van lesers en etiese bevraagtekening oor wat tekste doen 'n logiese gevolg van hierdie Westerse skeiding van die etiese en die estetiese.

---

[7] Omdat outonome leeswyses ooreenstem met wat Barthes die *readerly* teks/leeswyse genoem het, is sulke lesers nie in die posisie van die tekstuele ander nie. Hulle lees in terme van voorafmodelle van die literêre, byvoorbeeld dat dit 'outonoom' is.

Die ontbreking van so 'n normatiewe diskoers oor tekste was lank 'n kenmerk van die Afrikaanse literatuurkultuur. Dat die regskonserwatiewe *Die hart van 'n hond* by een van die Moeders van nasionalistiese literatuur, Tafelberg, uitgegee is en deur die Akademie bekroon is, is deel van hierdie kultuur van onskuldigverklaring in die naam van die sogenaamd 'literêre'. Kennelik word die begrip *outonomie* van die teks nie in sy oorspronklike *etiese* sin verstaan nie. Waarom nie? Bewys die verskynsel nie wat die afgelope halfdekade herhaaldelik oor die Afrikaanse literatuurbedryf gesê is nie, naamlik dat 'outonomie' 'n blote skuiwergat was waardeur én die ignorering van apartheidsellende én die legitimiteit van politiese sensuur ten opsigte van literatuur verdedig is?

As dit die geval was, dan was die uitsluit van die etiese uit die literêre gesprek self oneties.

Intussen is dit die logika van die etiese wat kan help verduidelik dat tekste normatief bespreek en gekritiseer kan word sonder om die reg van die teks aan te tas. Normatiewe oordele moet altyd hul normatiewe waardestelsels uitspel en hulleself blootstel aan rasionele kritiek van andere op sulke waardestelsels. Die subjek moet bereid wees om in die rol van outonomiteit in te staan vir sy oordeel, anders as die ideologiekritiek wat, ten minste in Afrikaans, sy eie relativeerbaarheid ontduik.

Vir Stoffberg se bundel het bostaande oorwegings interessante implikasies. Dis juis wanneer hierdie verhale binne die Afrikaanse tradisie as 'outonome literatuur' gelees word, dat hulle polities die effektiefste is. Terwyl lesers net die 'literêre' lees, help hulle die teks om sy Neo-Fascistiese triomf te behaal. Daarom is *Die hart van 'n hond* simptomaties van 'n literatuurkulturele verskynsel wat in die inleiding as 'n *interregnum* tussen blanke imperialisme en postkolonialisme beskryf is. Een van die kenmerke van hierdie blanke tussenfase is, so lyk dit, die weiering om rassismes - kollektief en privaat - te erken.

Bibliografie

Barthes, Roland 1970. *S/Z*. Vertaling deur Richard Miller. New York : Hill & Wang.

Bhabha, Homi K. 1986. The other question: difference, discrimination and the discourse of colonialism. In: Barker, Francis, *et al*. *Literature, Politics and Theory*. London en New York : Methuen. pp. 148-172.

Deleuze, Gilles & Guattari, Félix 1977. *Anti-Ödipus. Kapitalismus und Schizophrenie* 1. Vertaling Bernd Schwibs. Frankfurt am Main : Suhrkamp.

Derrida, Jacques 1974. *Grammatologie*. Vertaling Hans-Jörg Rheinberger en Hans Zischler. Frankfurt am Main : Suhrkamp.

Kant, Immanuel 1974. *Kritik der praktischen Vernunft*. Frankfurt am Main : Suhrkamp.

Kristeva, Julia 1978. *Die Revolution der poetischen Sprache*. Vertaling Reinold Werner. Frankfurt am Main : Suhrkamp.

Kristeva, Julia 1982. *Powers of Horror. An Essay on Abjection*. Vertaling Leon S. Roudiez. New York : Columbia University Press.

Lacan, Jacques 1977. *Écrits. A Selection*. Vertaling Alan Sheridan. London : Tavistock.

Laplanche, J. & Pontalis, J.-B. 1972. *Das Vokabular der Psychoanalyse 2*. Vertaling Emma Moersch. Frankfurt am Main : Suhrkamp.

Münster, Arno 1982. *Utopie, Messianismus und Apokalypse im Frühwerk von Ernst Bloch*. Frankfurt am Main : Suhrkamp.

Rescher, Nicholas 1990. How Wide is the Gap between Facts and Values? *Philosophy and Phenomenological Research*, Vol. L: Supplement, 297- 320. Autumn.
Stoffberg, Pieter 1990 *Die hart van 'n hond*. Kaapstad : Tafelberg.
Weedon, Chris 1984. *Poststructuralist Theory and Feminist Practice*. London : Basil Blackwell.

Universiteit van Suid-Afrika